UIT DIE MELKSTAL – JUNIE 2007

Geskryf deur Gerdie Landman – Mooimelk Koeihotel– gerdie@koeihotel.co.za

Die Suiwelbedryf in Suid Afrika ervaar tans die werking van die markkragte soos dit nog nooit in die onlangse geskiedenis toegelaat was om te funksioneer nie…

In die jare van die Suiwelraad (1987 tot 1992) waarvan ek persoonlik kan getuig omdat ek vir ‘n 5 jaar termyn op die raad gedien het, is die werking van die markkragte deur die sogenaamde surplusverwyderingskema verwring! Tydens daardie staats ondersteunde skema het die Suiwelraad staturêre magte gehad om heffings van alle melkprodusente te hef om ‘n fonds op te bou waarmee onder andere die maak van botter en afgeroomde melkpoeier (AMP) gesubsidieer is – sodat dit dan selfs teen ‘n verlies uitgevoer kon word… met die doel om binnelandse vraag en aanbod in balans te bring…

Dit was aanvanklik ‘n rein gedagte met edel bedoelings, maar nadat dit vir ‘n paar jaar in werking was, het slegs die melkverwerkers wat poeiertorings gehad het, die meeste uit die skema gebaat – dit het hulle later geloon om soveel melk moontlik deur hul eie verwerkings aanlegte te stoot om sodoende vir die vevaardigingskoste van die botter & AMP vergoed te word – beloon met heffingsgeld wat van alle melkprodusente gevorder is – ook hul opposissie wat geen verwerkings vermoë gehad het nie.

Die gevolg was dat melkproduksie aangemoedig is toe dit ontmoedig moes gewees het… met surplusse wat in berge botter en AMP opgestapel het!

Onnodig om te sê – daardie beginsel het nie die toets van billikheid geslaag nie. Die hofsaak wat deur verontregte kleiner melkkopers teen die Suiwelraad gemaak is, het bevestig dat die kruissubsidiering nie kon voortgaan nie. Na die afskaffing van die surplus verwyderingskema en die afskaling van die Suiwelraad se funksies, het die produsente heffing van ‘n hoogtepunt van sowat 9% van die produsente melkprys tot so min as 0.27% van die melkprys gedaal. Vandag kry die MPO slegs sowat 0.18% van die melkprys… laat mens dink nê…

Terug by vandag se situasie – melkkopers is nou self verantwoordelik vir markseine aan produsente! Omdat melkkopers naby die mark beweeg en in baie gevalle ook filiale in ander wêreld dele het (Parmalat, Nestlè, Clover – Danone/Fontera), kry hulle deurlopend markinligting wat dit vir hulle moontlik maak om die tendense in die mark vinnig na produsente deur te gee.

Waarom het die markkragte dan nie oor die afgelope drie tot vier jaar gewerk nie - sodat daar tans ‘n tekort aan melk ervaar word? Die Raad op medidinging het na ‘n klagte van ‘n enkele melkboer (Ek weet nie wie dit was nie – maar ons ander melkboere skuld hom ‘n groot geskenk), in ‘n ondersoek bevind dat daar samespanning tussen meeste van die prominente melkkopers was. Dit het die werking van markkragte ondermyn. In praktyk

het melkkopers besluit om nie onderling mekaar se produsente af te rokkel nie. Hulle strategie was om liewers die melktekort van 8% - 10% melk ekwivalent, van die buiteland in te voer, dan kan hulle die 90% plaaslik geproduseerde melk teen veel goedkoper pryse aankoop sonder die risiko dat hulle produsente sal verloor wat na die opposissie kopers sal kan oorloop.

Die dreigende uitspraak van die mededingings tribunaal, wat boetes van tot soveel as 10% van skuldige melkkopers se jaarlikse omset kan oplê, het die ongesonde samespanning tot nadeel van melkprodusente stopgesit. Nou is produsente weer op risiko van die boete uitspraak… sou die skuldige melkkopers wel beboet word, weet ons voortydig waarvandaan die boete geld verhaal gaan word… natuurlik kan dit slegs uit een van twee bronne verhaal word. Of die boete kan van die verbruikers verhaal word, wat meer vir hul suiwelprodukte sal moet betaal - of van melkprodusente deurdat melkkopers nie melkprysverhogings aan die produsente sal deurgee nie.

Daarom het die Hoofbestuurder van die MPO (op daardie stadium Bertus de Jongh) tydens ‘n radio praatjie op RSG gepleit vir ‘n opgeskorte vonnis aan melkkopers, sou die tribunaal die skuldig bevinding met ‘n straf wou aanspreek. Dit is na my mening ‘n baie sinvolle roete om te volg – dit sal die praktyk van onkompeterende praktyke stopsit sonder om die bedryf nou dramaties te ontwrig. Sommige melkkopers sal die genoemde boete nie kan betaal nie, en gedwing word om vir besigheid te sluit. Dit sal weer opsigself mededinging vir melk verminder – teenstrydig met die doel van die mededingings kommissie se doelwit!

Tans werk die markkragte aggresief om die produsenteprys van melk na ‘n realistiese markverwante vlak te stoot. Faktore wat die produsente melkprys vir Holstein melk in die Oos Kaap, van ‘n laagtepunt van R1.74 vir Maart 2007 se melk na R2-50 vir Mei 2007 en R2-80 vir Julie 2007 se Holsteinmelk opgestoot het, is die volgende:

1. Melkkopers span nie meer saam soos voorheen nie – (reeds bespreek). Kompetisie tussen melkkopers om beheer van die melkbron in die RSA, stoot die melkprys op!
2. Verbruik van Suiwelprodukte styg deurlopend omdat die middelklas in Suid Afrika vinnig groei en die eetgewoontes van Afrika se mense meer verwesters – kaas, pizzas, roomys, langlewe melk, joghurt!
3. Die Wêreldprys vir suiwelprodukte het beduidend gestyg – dit het invoerpariteit na sowat R3-80 opgestoot – meer as ‘n Rand duurder as die plaaslike produsentepryse. (Melkprys vergelykings is nie eenvoudig nie, ook nie oral dieselfde nie - onthou die verduideliking van melkprys bepaling wat in die vorige nuusbrief bespreek is.)
4. Die wisselkoers neig swakker en is op R7-20 heelwat swakker as die R6 vlakke van die afgelope 3 jaar – dit maak invoer van suiwelprodukte ook duurder!
5. Verkeerde markseine deur melkkopers aan produsente – toe die melkprys aan die begin van 2006 moes styg om produksie te stimuleer, toe daal dit met sowat 10%…
6. Baie melkkoeie wat geslag is toe die vleispryse goed was.

7. Melkboer getalle wat vinnig gedaal het, teen ‘n tempo van een melkboer per werksdag van die afgelope jaar.
8. Duur kragvoerpryse (R2 000 tot R2 500/ton vir geballanseerde suiwelmeel - en dit styg steeds – afhangend waar in die land jy is) wat dit onmoontlik gemaak het om die koeie korrek te voer – gevolglik is die koeie hierdie winter in ‘n swakker kondisie en produseer hulle minder melk per koei.

Parmalat se advertensie in ‘n onlangse Sondagkoerant som die werklikheid van kompetisie uitstekend op – “hulle gaan nie rus alvorens die koeie huistoe kom nie…” dit weerspieël die regte gesindheid! Melkprodusente het vir die laaste 4 jaar sedert die begin van 2003 aan die agterspeen gesuip! Verbruikers het onlangs in ‘n inbelprogram op RSG grootliks saamgestem dat melk te goedkoop is – in baie gevalle selfs goedkoper as gebottelde water – dis mos nie reg nie!!

Die huidige drastiese melkprysstygings is dus grootliks ‘n regstelling van foute wat in die verlede gemaak is. Markkragte is besig om die balans tussen die produsenteprys en die afgeleide verbruikersprys op die winkelrakke reg te stel.

In ‘n volgende nuusbrief bespreek ek die rol van supermarkte en hoe hulle houvas op melkkopers verhoed dat die verbruikersprys styg tot vlakke waar dit vir die primere sowel as die sekondere suiwelbedryf loned sal wees om in besigheid te bly.

Einde = 1 165 woorde.